Taakspan Navorsing

Verslag: Veranderende predikanteprofiel en aftree-ouderdom

Kort opsomming

Die predikantekorps van die NG Kerk is besig om drasties te verklein en te verander. Sedert 2015 is daar 50 predikante in gemeentes (A01) minder in die NG Kerk, en speel tentmakers en vaste termynposte ‘n al groter rol.



Historiese data dui daarop dat ‘n verandering in die aanbod van leraars met tye ‘n drastiese effek het op die wagtydperk van legitimasie tot eerste beroep. Die golf van legitimasies tussen 1977 en 1992 het byvoorbeeld tot gevolg gehad dat waar 90% van gelegitimeerdes in 1979 binne 2 jaar beroep is, dit teen 1985 tot 44% geval het, en teen 1992 tot 33%. Slegs 60% van gelegitimeerdes uit die 1992 groep is teen 2019 beroep.



Navorsing wys op ‘n generasie jong predikante wat aktief besig is om aansoek te doen, en beskikbaar is vir bediening beide in die stad en platteland. ‘n Verandering in die aftree-ouderdom, wat ‘n skielike vergroting van die aanbod predikante tot gevolg kan hê, kan veroorsaak dat ons weer ‘n deel van ons jong proponente verloor. Daar sal dus met groot versigtigheid beweeg moet word om die beswil van gemeentes te soek, terwyl ons tegelykertyd na al die verskillende groepe gelegitimeerdes in die kerk kyk.

Volledige verslag

1. Inleiding

N.a.v. die publieke gesprek rondom predikante se aftree-ouderdom[1] het die Taakspan Navorsing gedurende Maart-September 2019 'n navorsingsgroep getaak om te kyk na die veranderende profiel van predikante. Ons beskou ons taak om die kerklike gesprek by te staan met belangrike inligting, en hoop dat die onderstaande die komende Algemene Sinode kan help in 'n oorweging van 'n beleidsverandering rondom aftree-ouderdomme.

Ons navorsingsproses het uit twee dele bestaan: eerstens het ons die profiel van predikante analiseer deur na ABR data te kyk. Hierdie analise het bepaalde vrae by ons losgemaak wat ons in die predikante paneel van predikante onder 40 opgeneem het.

Wat ons met die analise hier wil uitlig is dat 'n verhoging van die aftree-ouderdom wel 'n wesenlike risiko inhou dat ons in die volgende jare drasties minder jonger predikante in die kerk sal beroep. Dit is 'n kommer wat telkens uitgespreek is oor die afgelope maande, en op grond van die onderstaande is ons oortuig dat die kommer gegrond is.

Ons wil nie die wesenlike probleme rondom die pensioenvoorsiening van predikante wat in die volgende jare aftree ontken nie, en ondersteun dat die kerk 'n verantwoordelikheid het om ook na ons emeriti om te sien. Maar ons wil voorstel dat 'n verhoging van die aftree-ouderdom nie noodwendig vir die kerk die beste oplossing gaan wees nie.

2. Kleiner wordende predikantekorps

Onderliggend aan bykans alles wat ons hier skryf is die feit dat ons predikantekorps al hoe kleiner word – spesifiek wat voltydse predikante aanbetref. Alhoewel hierdie vermoede telkens uitgespreek word, word daar selde konkrete syfers aan gekoppel.

In die vier jaar van Februarie 2015 tot en met Maart 2019 het die totale predikante aan gemeentes gekoppel (ABR A01)[2] van 1304 na 1104 gedaal. *Dit is 'n vermindering van 50 predikante per jaar, of ongeveer een per week*. In dieselfde tydperk het die aantal tentmaker (A02) en vaste termynposte (A03) van 177 na 231 gestyg. Tentkamers en vaste termynposte het in hierdie tyd van 12% na 17% van die groep predikante, tentmakers, en predikante in vaste termynposte gestyg.

[1] https://kerkbode.christians.co.za/2019/03/07/kerk-krap-kop-oor-leraars-wat-nie-wil-aftree/

[2] Ons gebruik die ABR (Algemene Bevoegdheidsraad) se kategorieë, en kyk slegs na predikante in gemeentes (A01), tentmakers (A02) en vaste termynpost (A03). Kapelane, dosente ens. word dus buite rekening gelaat.



Indien hierdie tendens in die volgende 5 jaar sou voortgaan, dan gaan daar ongeveer 300 predikante uit A01 poste aftree, maar 250 van hierdie poste gaan nie weer met A01 predikante gevul word nie.

Aan die ander kant, sou hierdie tendens voortgaan, gaan daar jaarliks meer predikante in deeltydse kontrakposte nodig wees. Alhoewel emeriti wat werksaam is in gemeentes (C01) oor dieselfde tydperk (2015-2019) konstant gebly het, sou mens kon vra of die groot aantal predikante wat aftree in die volgende paar jaar nie op hierdie syfer ‘n effek sal hê nie, sodat van die vaste termynposte wat gemeentes al hoe meer nodig het op hierdie manier gevul sou kon word.

3. Historiese effek van ooraanbod in predikante

Die groot aantal predikante wat in die volgende 5 jaar gaan aftree kan direk teruggeneem word na die groot inname van studente vanaf ongeveer 1970 tot 1985, en wat ‘n beduidende styging in aantal kandidate gelegitimeer tussen 1977-1992 tot gevolg gehad het.



Die piek in legitimasies in 1981 (171 kandidate) word egter gevolg deur ‘n skielike daling in die tempo waarteen gelegitimeerdes beroep word.



90% van gelegitimeerdes van 1979 word binne 2 jaar beroep. Teen 1985 is hierdie syfer egter af na 44%, en teen 1992 na 33%. Tot en met 1985 se groep word meeste gelegitimeerdes tog nog beroep (meer as 80%), maar teen 1989 is dit af na 70%, en teen 1994 na 60%. Die korrelasie tussen die drastiese styging in die aantal kandidate en die langer wagtyd en styging in aantal kandidate wat nooit beroep word nie is belangrik om van kennis te neem.

Die risiko wat ons wil uitwys is dat indien die potensiële predikantekorps in die volgende 3 jaar drasties verhoog word deur 'n verhoging in die aftree-ouderdom daar historiese gronde is om te verwag dat die wagtyd vir beroepe vir nuwe gelegitimeerdes sal verhoog, en die aantal kandidate wat uiteindelik nooit in die kerk beroep word nie ook sal styg.

4. Jonger predikante en die NG Kerk

Daar is 'n aantal narratiewe rondom jonger predikante waarop ons wil reageer. Saam met Kerkspieël was daar 'n predikante paneel met predikante en proponente onder 40 jaar oud gedoen. 117 persone het deelgenaam – ongeveer 25% van alle gelegitimeerdes 40 jaar en jonger.

Jong gelegitimeerdes en predikante, beide mans en vroue, is aktief besig om aansoek te doen vir poste. In reaksie op 'n vraag oor hoeveel keer hulle in die afgelope 3 jaar aansoek gedoen het, dui 'n groot aantal 5 of meer keer aan.

	0	1	2	3	4	5 of meer
Vroulik	5	13	2	4	2	18
Manlik	7	17	5	3	5	36

63% dui verder aan dat hulle 400km of verder weg van waar hulle tans gevestig is aansoek gedoen het in die afgelope drie jaar.

Jong gelegitimeerdes is oortuig in die voortbestaan van die NG Kerk. 97% van jong gelegitimeerdes glo dat die NG Kerk nog oor 20 jaar gaan voortbestaan. 72% sê dat die NG Kerk egter in 'n ander vorm sal voortbestaan. 76% van jong predikante dui aan dat hulle die intensie het om vir nog 20 jaar of langer in die bediening te wees.

Alhoewel die persepsie bestaan dat vroue-predikante nie aansoek doen vir poste in die platteland nie, of nie beroepe na plattelandse gemeentes aanvaar nie, is dit vandag bloot 'n persepsie en 'n tendens wat duidelik aan die verander is. Gelegitimeerdes wat hulleself as predikante of deeltydse

predikante beskryf word in verskillende kontekste gevind, en ook jong vroue-predikante word na gemeentes in klein dorpe beroep.

	Stad of voorstad	Groot dorp in die platteland	Klein dorp in die platteland (Hier is slegs een NG Kerk op die dorp, met 'n landelike gebied voor die volgende dorp)
Vroulik	59.38%	15.63%	25.00%
Manlik	50.75%	19.40%	29.85%

5. Konklusie

Ons doel is nie om die belangrike punte rondom die finansiële nood van predikante wat in die volgende jare aftree te onderspeel nie. Dit is egter uiters belangrik dat die konteks van ‘n kleiner wordende predikantekorps in ag geneem word wanneer daar oorweeg word om die aftree-ouderdom te verhoog. Die moontlikheid dat so ‘n besluit jong proponente en predikante wat hoop om in die jare wat kom beroep te word se beroepe drasties sal uitstel, of selfs tot gevolg sal hê dat hulle uiteindelik ‘n ander beroepskeuse maak, moet nie sonder meer verwerp word nie. Alhoewel dit ‘n ander gesprek sal oopmaak, is ons ook oortuig dat jong predikante in die jare wat kom ‘n uiters belangrike rol moet speel om die NG Kerk te help lei om ‘n nuwe en relevante rol te speel in vinnig veranderende kontekste.

6. Aanbevelings

Die Algemene Sinode besluit dat:

1. Dat die kleiner wordende predikantekorps verreken moet word in oorwegings van verandering in die aftree-ouderdom.
2. Dat enige verandering in aftree-ouderdom die moontlike effek op jonger proponente en predikante in ag sal neem.
3. Dat daar ook na verskillende voorstelle oor hoe predikante bo 65 kan voortgaan om ‘n rol in gemeentes van die NG Kerk te speel gekyk sal word.
4. Dat daar verdere navorsing gedoen moet word oor die profiel van die predikantekorps wat gemeentes in die jare wat kom gaan nodig hê. Dat die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) and Algemene Kuratorium, asook ander relevante taakspanne deur Taakspan Navorsing deelgemaak word van die proses soos nodig.

Taakspanlede

Cobus van Wyngaard (voorsitter)

Lourens Bosman

Corné Randall

Bernice Serfontein

Pieter van der Walt